| Verslagwaardig: | JA / NEE |
|---|---|
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE NOORD-KAAPSE HOË HOF, KIMBERLEY

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **292 / 2007** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **22 / 09 / 2009** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **29 / 01 / 2010** |

In die saak tussen:

**SAAMWERK SOUTWERKE (EDMS) BPK** Applikant

en

**MINISTER: MINERAAL- EN ENERGIESAKE** Eerste Respondent
**DIREKTEUR-GENERAAL: MINERAAL- EN ENERGIESAKE** Tweede Respondent
**DISTRIKSBESTUURDER: MINERAAL- EN ENERGIESAKE** Derde Respondent
**SA SOUTWERKE (EDMS) BPK** Vierde Respondent

*Coram:* Lacock, R

## REDES VIR BEVEL EN UITSPRAAK OP KOSTE

**Lacock, R**

[1] Op 10 Desember 2009 het ek die volgende bevele in hierdie aangeleentheid verleen:-

"*WORD GELAS:*

*1. DAT die tussentydse aansoek wat op 25 September 2009 voor die Regter-President gedien het, wat uitgestel is en weer geplaas is vir 10 Desember 2009, sine die uitgestel word. Die koste van die aansoek staan oor vir latere beregting.*

*Die Hoof-aansoek*

2. *DAT verklaar word dat die applikant geregtig is daarop dat 'n mynreg vir die myn van sout op die plaas bekend as:*

   *Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrysoutpan) van die plaas Kalahari-Wes nr 251, geleë in die Administratiewe Distrik Gordonia, gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregtistreerde Title nr 980/73*
   *Groot: 855,9773 hektaar aan applikant uitgereik word. ("die plaas");*

3. *DAT verklaar word dat applikant se omgewingsbestuursprogram deur eerste respondent goedgekeur is alternatiewelik dat derde respondent gelas word om dit goed te keur, alternatiewelik dat indien hy sou versuim om dit te doen binne 7 dae vanaf datum van die bevel wat die hof in die verband mag verleen, dat die applikant geregtig is om ingevolge die mynreg te myn asof die omgewingesbestuursprogram deur eerste respondent goedgekeur is ingevolge artikel 39(4) van die Wet;*

4. *DAT verklaar word dat die mynpermit nr MP169/2004 wat voorgee uitgereik te wees aan vierde respondent ingevolge Artikel 9(1) gelees met Artikel 9(3)(d) van die Mineraalwet 50 van 1991, nietig is.*

5.

   5.1 *DAT verklaar word dat die vierde respondent nie geregtig is om vir sout te myn op die plaas nie.*

   5.2 *DAT vierde respondent gebied word om onmiddellik alle mynbedrywighede op die plaas te staak.*

   5.3 *DAT vierde respondent gebied word om binne 30 dae na verlening van hierdie bevel, die plaas te verlaat.*

   5.4 *DAT vierde respondent verbied word om op 'n direkte of indirekte wyse die applikant te verhinder om okkupasie te neem van die plaas of sy okkupasie en/of mynbedrywighede aldaar uit te oefen na verstryking van die periode in paragraaf 5.3 hierbo.*

*Die vierde Respondent se Teenaansoek*

6. *DAT die vierde respondent se versuim om hierdie teenaansoek te bring tesame met sy opponering van die hoofaansoek, gekondoneer word.*

7. *DAT die tydperk van 180 dae vermeld in Artikel 7(1) van die Promotion of Administrative Justice Act, Wet 3 van 2000, verleng word tot 30 Oktober 2009.*

8. *Dat die vierde respondent vrygestel word van die verpligting om te voldoen aan die bepalings van Hofreël 35(1)(b) en dat enige nie-nakoming van die hofreëls met betrekking tot hersieningsaansoeke gekondoneer word.*

9. *Bedes 3 en 4 van die Teenaansoek word afgewys.*

*Koste*

10. *DAT die uitspraak op koste voorbehou word."*

Ten tye van die verlening van die bevel het ek aangedui dat my redes vir die bevele soos verleen later sou volg. Hieronder volg my redes asook my uitspraak op koste.

[2] Op 13 Julie 2005 het die Applikant ingevolge die voorskrifte van Artikel 22 van die Mineral and Petroleum Resources Development Act, Nr. 28 van 2002 (die Wet) by die Derde Respondent, die Streekbestuurder van die Noord-Kaapstreek van die Departement Mineraal- en Energiesake (die streekbestuurder), aansoek gedoen vir 'n mynreg om vir sout te myn op die eiendom bekend as Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrysoutpan) van die plaas Kalahari-Wes nr. 251, geleë in die Gordonia Distrik, groot 855,9773 hektare (die eiendom).

Op 27 September 2006 is die Applikant skriftelik as volg deur die Adjunk-Direkteur Generaal: Mynregulering in kennis gestel:-

"1. *I refer to the above mentioned matter and confirm that your application for a mining right on the above mentioned property has been granted in terms of the section 23(1) of the Mineral and Petroleum Development Resources Act, 2002 (Act 28 of).*

- *A copy of the proposed mining right to be signed is attached hereto for your information (Annexure C)*

2. *Take note that the Regional Manager will sign the relevant environmental plan and the right on or before 22nd November 2006. In terms of section 23(5) the granted mining right becomes effective upon the signing of the environmental management plan. In terms of section 25(2) mining activities must commence within one year from the effective date (21st November 2007).*

3. *Please note that this right has been granted on the following conditions:*

| |
|---|
| • *To submit a revised social and labour plan (you can contact our Ms Faith Mazabane)* |

4. *In the light of the afore-going you are requested to:*

   a) *Ensure that all outstanding matters regarding your application are finalised and that relevant documents are submitted to this office at least one week before the abovementioned date; and*

   b) *Make arrangements for the authorised representative(s) of your company to attend the approval of the above mentioned documents.*

5. *Note that failure to comply may result in the suspension or cancellation of the right.*"

Ten tye van die ondertekening van hierdie skrywe was die streekbestuurder reeds in besit van die omgewingsbestuursplan waarna in paragraaf 2 van die skrywe verwys word.

Op 15 Desember 2006 het die Applikant ‘n hersiene sosiale en arbeidsplan (“social and labour plan”) en soos vereis in paragraaf 3 van die skrywe van 27 September 2006, by die streeksbestuurder ingedien.

[3] Nieteenstaande die nakoming van die vereistes soos gestel in die voormelde skrywe van 27 September 2006 het die Eerste tot Derde Respondente versuim om die omgewingsbestuursplan aldus deur die Applikant ingedien of die mynreg op 22 November 2006 te onderteken, is dit steeds nie onderteken nie, en doen die Applikant nou, onder andere, aansoek vir die volgende regshulp:-

*“1. Dat verklaar word dat applikant geregtig is daarop dat ‘n mynreg vir die myn van sout op die plaas bekend as:*

*Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrysoutpan) van die plaas Kalahari-Wes nr 251, geleë in die Administratiewe Distrik Gordonia, gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr 980/73*
*Groot: 855,9773 hektaar*

*aan applikant uitgereik word.*

*(“die plaas”)*

*2. Dat verklaar word dat applikant se omgewingsbestuursprogram deur eerste respondent goedgekeur is alternatiewelik dat derde respondent gelas word om dit goed te keur, alternatiewelik dat indien hy sou versuim om dit te doen binne 7 dae vanaf datum van die bevel wat die hof in die verband mag verleen, dat die applikant geregtig is om ingevolge die mynreg te myn asof die omgewingsbestuursprogram deur eerste respondent goedgekeur is ingevolge artikel 39(4) van die Wet.*

*3. Dat die eerste respondent gelas word om self of deur middel van sy gevolmagtigde te verskyn voor ‘n behoorlik toegelate notaris en om die mynreg waarvan ‘n afskrif aangeheg is as bylaag “C” tot die funderende beëdigde verklaring te onderteken voor*

*sodanige notaris, terwyl applikant se verteenwoordiger ook teenwoordig is.*

*4. Dat indien die respondente waarna verwys word in smeekbedes 3 sou versuim om te handel soos daarin vervat binne sewe dae vanaf datum van hierdie bevel, die Griffier van hierdie Hof gemagtig en gelas word om dit namens sodanige Respondent te doen.*"

[4] Namens die eerste drie respondente (die Departement) het die destydse streeksbestuurder, ene mnr. Mndaweni, 'n opponerende eedsverklaring geliasseer. Hoewel in hierdie eedsverklaring sydelings verwys word na enkele statutêre voorskrifte wat die applikant sou versuim het om na te kom, is dit gemeensaak dat die wese van die versuim deur die streeksbestuurder om die omgewingsbestuursplan en die mynreg te onderteken en uit te reik, daarin geleë is dat mnr. Mndaweni beweer dat die aansoek vir 'n mynreg deur die applikant verkeerdelik en weens 'n ***bona fide*** fout aan die kant van sy kantoor, goedgekeur is. In hierdie verband verklaar mnr. Mndaweni as volg:-

"*13. I, however, wish to state that in accepting the Applicant's afore referred to application, I erroneously overlooked the fact that there was, at that time, an existing holder of a mining permit for the same mineral and land and that, in view thereof, the acceptance in terms of section 22(2) was incompetent, under the MPRDA. The mining permit holder concerned is the Fourth Respondent. My decision to accept the application referred to above was, in the circumstances, not authorised by the terms of the MPRDA.*

*14. The reason for the above error is that the system that was in use within the DME at the time did not reflect, as it had not captured as yet, the old order rights. This led to the officials in my region, when checking for any existing mining rights in respect of the farm, not being able to pick those up. I respectfully submit that that led to the bona fide error being committed, firstly, in the*

*form of the acceptance of the application and, secondly, in the form of the granting of the mining right as well as the in-principle-approval of the EMP.*

*15. The old order right at issue in these proceedings was issued in terms of the old Mining Act which was repealed on 30 April 2004, with the coming into effect of the MPRDA, on 1 May 2004.*

*16. The Record of Decision upon which the above acceptance and subsequent decision were made, was based on the National Mining Promotion System (the system), same being a computer system in which is entered the co-ordinates and all the information regarding existing on the farm to establish its exact status regarding the existence or otherwise of permits.*

*17. The system at the time stated that there was no existing mining right relating to the farm. That data had not been captured in the system at the time.*

*18. It is clear from the terms of Annexure "AB6" to the Fourth Respondent's answering affidavit that the First Respondent "approved" the Fourth Respondent's application for a mining authorisation for a five-year period, on 15 January 2003, in respect of the same land and mineral. Annexure "AB8" thereto, has annexed to it a mining permit issued in favour of the Fourth Respondent, on 28 April 2004.*

*19. In terms of section 1 of Schedule 2 of the MPRDA, provision is made for certain transitional arrangements. In terms thereof, an old order mineral right is defined to include a mining authorisation in force immediately before the date on which the MPRDA took effect and in respect of which mining operations are being conducted. The MPRDA took effect on 1 May 2004. Accordingly, the Fourth Respondents mining authorisation having taken effect prior to the coming into effect of the MPRDA, same constitutes an old order right and as such, was to continue in force for a period not exceeding five (5) years from 28 April 2004, in terms of the provisions of section 7 of Schedule 2 to the MPRDA.*

*20. The above having been said, it follows, in my submission that, at the time of the acceptance of the Applicant's application in terms of section 22 of the MPRDA, the Fourth Respondent was the holder of a mining right in respect of the same mineral and land. Accordingly, in my submission, the acceptance of the Applicant's application, as stated above, was legally incompetent, regard being had, inter alia, to the provisions of section 22(2)(b) of the MPRDA. That decision, as stated above, was actuated by a bona fide error.*

> *21. It follows, furthermore, in my respectful submission, that the subsequent procedural steps as stipulated in Annexure "A" to the founding affidavit, namely, the granting of the mining right in terms of the provisions of section 23(1) of the MPRDA and the purported approval of the EMP were, similarly, legally incompetent and fall, respectfully, to be set aside by this Honourable Court. These were also a result of the bona fide error referred to above."*

[5] Die Vierde Respondent, synde die beweerde houer van die ou orde mynreg waarna mnr. Mndaweni hierbo verwys, steun hierdie siening van die Departement en beweer dat hy die houer is van 'n mynpermit nr. MP169/2004 aan hom uitgereik op 28 April 2004 en wat geldig sou wees vir 'n periode van 5 jaar vanaf datum van uitreiking. Dit is gemeensaak dat die oorspronklike van hierdie permit wat in besit van die Vierde Respondent is, nie 'n vervaldatum bevat nie. Die Vierde Respondent steun egter op korrespondensie van die Departement waarin voorgehou is dat die permit vir 'n periode van 5 jaar goedgekeur is.

[6] Die Applikant beweer egter dat die permit nr. MP169/2004 waarop die Vierde Respondent steun, 'n vervalsing is en dat dit nooit regsgeldig deur die Departement aan die Vierde Respondent uitgereik was nie. Die Applikant beweer verder dat die enigste mynpermit wat aan die Vierde Respondent uitgereik was om vir sout op die eiendom te myn, 'n permit met nr. MP169/2003 was en wat 'n vervaldatum van 27 April 2005 bevat. Trouens, ene mnr. Mfetoane, en wat ten tye van die uitreik van die mynpermit aan die Vierde Respondent die Adjunk-Direkteur: Mineraalwetgewing in die Kimberley

kantoor van die Departement was en die pligte van die Derde Respondent uitgevoer het, het bevestig, met verwysing na verskeie registers en dokumentasie in die kantoor van die Departement, dat die enigste permit wat regsgeldig aan die Vierde Respondent uitgereik was, permit nr. M169/2003 was. Hierdie permit is deur homself uitgereik.

[7] Na aanleiding van die voorgaande vorder die Applikant die volgende verdere regshulp, naamlik:-

> *"5. Dat verklaar word dat die mynpermit nr MP169/2004 wat voorgee uitgereik te wees aan Vier Respondent ingevolge Artikel 9(1) gelees met Artikel 9(3)(d) van die Mineraalwet 50 van 1991, vervals is en gevolglik nietig is, alternatiewelik nie van krag was onmiddellik voor 1 Mei 2004 nie alternatiewelik verval het.*
>
> *6.*
>
> *6.1 Dat verklaar word dat Vierde Respondent nie geregtig is om vir sout te myn op die plaas nie;*
>
> *6.2 Dat Vierde Respondent gebied word om onmiddellik alle mynbedrywighede op die plaas te staak;*
>
> *6.3 Dat Vierde Respondent gebied word om binne 48 uur na verlening van hierdie bevel, die plaas te verlaat;*
>
> 6.4 *Dat Vierde Respondent verbied word om op 'n direkte of indirekte wyse die Applikant te verhinder om okkupasie te neem van die plaas of sy okkupasie en/of mynbedrywighede aldaar uit te oefen.*"

[8] Die beweringe van mnr. Mfetoane is later ontken deur van sy opvolgers in titel sonder dat sodanige ontkennings behoorlik of selfs enigsins gestaaf is óf deur ander dokumentasie óf andersins. As gevolg van die veeltal feitelike dispute wat ontstaan het rondom die vraag naamlik watter permit is

regsgeldig aan die Vierde Respondent uitgereik en wanneer dit sou verval het, het ek op 5 Junie 2009 die volgende geskilpunte vir verhoor verwys, naamlik:-

*1.1 Of enige regsgeldige magtiging om vir sout te myn op Gedeelte 146 & 148 van Gedeelte 58 (Vrysoutpan) van die plaas Kalahari-Wes Nr. 251, Administratiewe Distrik Gordonia ("die eiendom"), kragtens 'n permit of permitte soortgelyk aan die afskrifte geheg as Bylaes 'E' (p. 76), 'AB8' (p. 154), 'A' (p. 439) of 'B' (p.441) tot die aansoekstukke, of soos uiteengesit in die verklaring van Mnr P F Swart gedateer 1 Junie 2009 aan die Vierde Respondent uitgereik is deur die Eerste, Tweede of Derde Respondente.*

*1.2 Indien die antwoord op die voorgaande bevestigend is, wat die geldigheidsduur van sodanige magtiging was.*

1.3 *Of die Vierde Respondent enige regsgeldige magtiging gehad het om vir sout te myn op die eiendom op die stadium waarop die Eerste, Tweede en Derde Respondente die aansoek van die Applikant vir die myn van sout aanvaar het kragtens die voorskrifte van Artikel 22(2) van Wet 28 van 2002 op* ***5 September 2005****."*

(Die bylaes waarna verwys word in paragraaf 1.1. verwys na óf permit no. MP169/2003 óf permit no. MP169/2004.)

[9] Die verhoor vir die beregting van die voormelde geskilpunte het in aanvang geneem op 12 Oktober 2009 en geduur tot 16 Oktober 2009. Aan die einde van die verhoor, en nadat 'n groot aantal getuies namens al die partye getuig het en letterlik honderde dokumente voor my geplaas en na verwys is, het al die respondente toegegee en aanvaar dat:-

9.1 mynpermit no. MP169/2004 nie regsgeldig deur die Departement uitgereik was nie;

9.2 die enigste mynpermit wat (in soverre toepaslik op hierdie saak) deur die Departement aan die Vierde Respondent uitgereik permit nr. MP169/2004 was;

9.3 die geldigheidsduur van die permit no. MP169/2003 verstryk het op 27 April 2005; en

9.4 die Vierde Respondent nie enige regsgeldige magtiging gehad het om vir sout op die eiendom te myn op die datum waarop die Derde Respondent die tersaaklike aansoek van die Applikant aanvaar het op 5 September 2005 nie.

[10] Voor die aanvang van die verhoor, het die Eerste Drie Respondente hul opponering van die aansoek teruggetrek en toegestem tot die verlening van die regshulp soos deur die Applikant versoek. By die aanvang van die verhoor is hierdie Respondente met toestemming van die ander partye egter toegelaat om toe te tree tot die verrigtinge ten einde getuienis vir die gerief van die Hof en die beslegting van die geskilpunte aan te bied. Daar draai egter niks om hierdie handelinge nie.

[11] Adv. Van Niekerk het dan ook, tereg so na my mening, toegegee dat, indien die teenaansoek (en waarmee ek hieronder handel) nie sou slaag nie, die applikant, op een

voorbehoud na, geregtig sou wees op die regshulp soos versoek in die hoofaansoek.

11.1 Die “voorbehoud” waarna adv. Van Niekerk verwys en sy argument daaraangaande kan as volg saamgevat word:

In paragraaf 3 van die kennisgewing van mosie versoek die applikant dat

“*die eerste respondent gelas word om self of deur middel van sy gevolgmagtigde te verskyn voor ‘n behoorlik toegelate notaris en om die mynreg waarvan ‘n afskrif aangeheg is as bylaag “**C**” tot die funderende beëdigde verklaring te onderteken voor sodanige notaris, terwyl applikant se verteenwoordiger ook teenwoordig is*.”

Bylaag “C” waarna hierin verwys word, bevat geen verwysing na die geldigheidsduur van die beoogde mynreg nie. Slegs die Minister of sy gedelegeerde (die Tweede Respondent) is bevoeg om die terme en voorwaardes van ‘n mynreg te bepaal (artikel 23 van die Wet). Aangesien hierdie essensiële voorwaarde in gemelde bylaag “C” ontbreek, is die terme en voorwaardes van die mynreg nog nie volledig bepaal nie, en is die applikant nie geregtig op die regshulp soos versoek in bedes 1 tot 4 van die kennisgewing van mosie nie.

11.2 My eerste probleem met hierdie argument is dat die vierde respondent se *locus standi* om dit te opper

afhanklik is van die sukses van sy teenaansoek. Aangesien die teenaansoek myns insiens nie kan slaag nie, was dit ook die einde van die vierde respondent se *locus standi* in die hoof aansoek. Daarteenoor het die Departement nie verder die verlening van die regshulp opponeer nie.

11.3 In die tweede plek blyk dit uit die skrywe waarkragtens bylae "C" aan die applikant versend was, dat die tersaaklike dokument 'n afskrif van die "proposed mining right" was en dus nie bedoel was om die finale dokument te wees nie. Daar word ook na hierdie dokument hierin verwys as 'n "draft right" wat bedoel was vir die applikant se "information and verification".

11.4 Wat onteenseglik duidelik is uit hierdie skrywe en "draft right", is dat 'n mynreg in beginsel deur die Departement aan die applikant verleen is, en dat hy geregtig is op die finalisering van die proses waarkragtens 'n mynreg vir die myn van sout op die eiendom aan hom uitgereik word. Die termyn van die reg kan steeds vasgestel word deur die Minister of sy gemagtigde.

11.5 Vervolgens was ek van mening dat die applikant geregtig is op die regshulp soos versoek in bede 1 van die kennisgewing van mosie. Mnr. Tredoux namens die applikant het dan ook toegegee dat bedes 3 en 4 van

die kennisgewing van mosie oorbodig sou wees, en is dit nie toegestaan nie.

[12] Dit bring my by die teenaansoek van die vierde respondent, en wat eers geliasseer was na afloop van die verhoor. In sy teenaansoek vorder die vierde respondent die volgende substantiewe regshulp:-

"*1. Dat die vierde respondent se versuim om hierdie aansoek te bring tesame met sy opponering van die hoofaansoek, gekondoneer word.*

*2. Dat die tydperk van 180 dae vermeld in Artikel 7(1) van die Promotion of Administrative Justice Act, Wet 3 van 2000, verleng word tot 30 Oktober 2009.*

*3. Dat dit verklaar word dat die vierde respondent se aansoek om 'n ontginningsmagtiging, in terme van Artikel 9(1) van Wet 50 van 1991, om sout te myn op Gedeelte 146 en Gedeelte 148 van Gedeelte 58 (Vrysoutpan) van die plaas Kalahari-Wes Nr 251, sedert 1 Mei 2004 geag moet word 'n hangende aansoek te wees vir 'n mynreg in terme van Artikel 22 van Wet 28 van 2002, en deurgaans sedert daardie datium tot op hede aldus hangend geag moet word.*

*4. Dat die besluit van die eerste respondent soos genotuleer in Aanhangsel "A" tot die applikant se funderende verklaring, naamlik om 'n mynreg vir die applikant goed te keur op Gedeelte 146 van Gedeelte 58 (Vrysoutpan) van die plaas Kalahari Wes Nr 251, hersien en tersyde gestel word.*"

[13] Aangesien geeneen van die ander partye beswaar gehad het teen die verlening van die regshulp versoek in paragrawe 1 en 2 in die vorige paragraaf aangehaal nie, is daardie regshulp toegestaan.

[14] Die vierde respondent grond die aansoek vir die verlening van die regshulp versoek in bedes 3 en 4 van die

teenaansoek, op die volgende beweringe vervat in die stawende eedsverklaring:-

*"28.*

*Ek word nou geadviseer en doen respekvol aan die hand dat dit uit die getuienis voor die Hof duidelik is dat:*

*28.1 Die destydse waarnemende Streekdirekteur van die Departement van Minerale en Energie, Mnr. Mfetoane, 'n volmag van die tweede respondent gekry het om 'n kontrak te sluit in terme van die bepalings van Artikel 9(2) van Wet 50 van 1991 (hierin na verwys as Artikel 9(2)) vir 'n tydperk van 5 jaar (of dan ten minste vir 2 jaar as gevolg gegee word aan die ooglopende fout in klousule 2 van die konsep van daardie ooreenkoms);*

*28.2 hierdie volmag die enigste bron van magtiging vir die Streekdirekteur was met betrekking tot die aangaan van sodanige ooreenkoms;*

28.3 *die Streekdirekteur gevolglik nie gemagtig was om 'n kontrak te sluit op ander terme as die voormelde nie;*

28.4 *die Streekdirekteur, waaras hy wel eensydiglik gepoog het om 'n kontrak te sluit op ander terme as dié gemagtig, buite sy bevoegdhede opgetree het en daar gevolglik geen kontrak tot stand gekom het nie;*

*28.5 waaras die Artikel 9(2)-kontrak bedoel was om die toestemming in terme van Artikel 9(2) daar te stel, daar eweneens geen regsgeldige toestemming was nie;*

*28.6 aangesien daar geen regsgeldige toestemming uit hoofde van Artikel 9(2) was nie, terwyl dit 'n noodsaaklike voorvereiste is vir die regsgeldige verlening van 'n ontginningsmagtiging, daar derhalwe geen regsgeldige mynpermit verleen is nie;*

*28.7 aangesien daar geen regsgeldige mynpermit verleen is na aanleiding van die vierde respondent se aansoek in terme van Artikel 9 nie, en die aansoek ook nie afgekeur is nie, en dit deurgaans tot op hede die geval is, die aansoek beskou moet word as 'n hangende aansoek vir 'n mynreg in terme van Artikel 22 van Wet 28 van 2002 – sien Item 3 van Bylae 3 tot gemelde Wet;*

*28.8 die applikant se aansoek vir 'n mynreg nie oorweeg kon word nie, as gevolg van die bepalings van Artikel 9 van Wet 28 van*

*2002, totdat die vierde respondent se aansoek afgekeur is nie, aangesien die vierde respondent se aansoek reeds op 1 Mei 2004, lank voor die ontvangs van die applikant se aansoek, as 'n hangende aansoek beskou moes word;*

28.9 *die applikant gevolglik nie geregtig was op 'n mynreg nie en die eerste respondent nie by magte was om sodanige aansoek goed te keur alvorens die vierde respondent se hangende aansoek afgekeur is nie.*"

[15] Na my mening is daar geen meriete in die teenaansoek nie, en wel op grond van wat hieronder volg.

[16] Eerstens. Dit is gemeensaak dat die aansoek van die vierde respondent vir 'n magtiging om vir sout te myn op die eiendom kragtens die toepaslike voorskrifte van die (nou herroepe) Mineraalwet, nr. 50 van 1991 ontvang, goedgekeur en toegestaan is. Selfs al sou gesê kon word dat die destydse streekdirekteur *ultra vires* die magtiging uitgereik het, word daardie handeling geag regsgevolge te hê en bly dit regsgeldiglik voortbestaan totdat dit deur 'n Hof ter syde gestel word. Sien **Oudekraal Estates (Pty) Ltd v City of Cape Town and Others** 2004 (6) SA 222 te 241 G tot 242 C:-

"*For those reasons it is clear, in our view, that the Administrator's permission was unlawful and invalid at the outset. Whether he thereafter also exceeded his powers in granting extensions for the lodgement of the general plan thus takes the matter no further. But the question that arises is what consequences follow from the conclusion that the Administrator acted unlawfully. Is the permission that was granted by the Administrator simply to be disregarded as if it had never existed? In other words, was the Cape Metropolitan Council entitled to disregard the Administrator's approval and all its consequences merely because it believed that they were invalid provided that its belief was correct? In our view, it was not. Until the Administrator's approval (and thus also the consequences of the*

*approval) is set aside by a court in proceedings for judicial review it exists in fact and it has legal consequences that cannot simply be overlooked. The proper functioning of a modern State would be considerably compromised if all administrative acts could be given effect to or ignored depending upon the view the subject takes of the validity of the act in question. No doubt it is for this reason that our law has always recognised that even an unlawful administrative act is capable of producing legally valid consequences for so long as the unlawful act is not set aside.*"

Daar is geen aansoek voor my vir die tersydestelling van die besluit en/of handeling van die streekbestuurder om die tersaaklike permit uit te reik soos wat hy gedoen het nie. Daarsonder sal die regshulp versoek in bede 3 van die teenaansoek nie verleen kan word nie.

16.1 Adv. Van Niekerk se betoog naamlik dat hierdie handeling van die streekdirekteur resorteer onder wat in **Oudekraal (supra)** na verwys word as 'n "collatoral challenge to the validity of the administrative act", is na my mening sonder enige substansie. Afgesien daarvan dat die beweerde ongemagtigde (feitelike) handeling van die streekdirekteur, naamlik die uitreik van die tersaaklike permit, geldige regsgevolge tot gevolg gehad het, naamlik die regsgeldige myn van sout op die eiendom deur die vierde respondent vir die geldigheidsduur van die permit, was hierdie handeling nie een waarkragtens die vierde respondent deur 'n owerheidsinstansie verplig was om iets te doen of nie te doen nie, en kon dit nie (en was dit ook nie) deur die vierde respondent ignoreer (word) weens 'n dreigement

van owerheidsweë tot afdwinging van die verbod nie. Sien **Oudekraal (supra)** te 244 B tot 248 A.

[17] Tweedens. Selfs al sou gesê kan word dat die regshulp versoek in bede 3 van die aansoek ‘n implisiete bede bevat vir die tersydestelling van die besluit van die streekdirekteur om die magtiging uit te reik, blyk dit dat die regsgevolge van daardie handeling reeds uitgeloop het: die geldigheidsduur van die permit het reeds verval. Maar indien tog gesê kan word dat daardie besluit van die streekdirekteur ter syde gestel kan word, sou dit myns insiens ook reggestel moes word tot die effek dat hy gelas moes word om die geldigheidsperiode daarvan te wysig van een jaar na vyf jaar. So gesien sou die geldigheidsduur van die permit gestrek het vanaf 28 April 2004 tot 27 April 2009; in welke geval die geldigheidsduur van die permit ook sou uitgeloop het voordat die teenaansoek op 23 Oktober 2009 geliasseer is. Die hersiening en regstelling van die besluit van die streekdirekteur sal dus nou bloot van akademiese belang wees.

17.1 Namens die vierde respondent kan moontlik geargumenteer word dat die hersiening en regstelling van hierdie besluit nie bloot van akademiese belang sal wees nie, daar hy voor 27 April 2009 kragtens die voorskrifte van Artikel 7 van die Tweede Skedule tot die Wet aansoek gedoen het vir die omskepping van sy “ou orde” permit na ‘n permit onder die Wet. Dit sou dan

aangevoer kon word dat, indien die besluit van die streeksbestuurder hersien en reggestel word, hy sy omskeppingsaansoek gedoen het voordat die geldigheidsduur van sy permit verval het.

17.2 Hierdie sodanige argument word egter deur die vierde respondent self afgeskiet daar hy in bede 3 van die teenaansoek versoek dat sy aanvanklike aansoek steeds as ‘n hangende, dit wil sê onafgehandelde aansoek, geag moet word. Daar kan tog nie aansoek gedoen word vir die omskepping van ‘n permit wat geag moet word nog nooit uitgereik te gewees het nie.

[18] Adv. Van Niekerk betoog egter dat die hersiening en tersydestelling van die handelinge van die streekdirekteur, naamlik die uitreik van die permit, nie bloot van akademiese waarde sal wees nie. In hierdie verband argumenteer hy as volg:-

Die tweede respondent, as gedelegeerde van die Minister, het die destydse streekdirekteur gemagtig om namens hom ‘n toestemming soos bedoel in Artikel 9(2) van die Mineraalwet van 1991, te onderteken; die terme en voorwaardes van die toestemming was toe reeds deur die tweede respondent bepaal; voordat die streekdirekteur egter die 9(2) toestemming onderteken het, gaan verander hy sonder dat hy daartoe gemagtig of bevoeg was, die terme daarvan soos deur die tweede respondent vasgestel, en

teken hy 'n "toestemming" wat nie deur die tweede respondent verleen was nie; gevolglik is geen 9(2) toestemming aan die vierde respondent verleen soos vereis kragtens Artikel 9(1) van die Mineraalwet nie; kon die mynreg dus nie ingevolge hierdie wet aan die vierde respondent uitgereik gewees het nie; was die aansoek van die vierde respondent gevolglik steeds 'n hangende aansoek, op die stadium waarop die applikant sy aansoek vir 'n mynreg by die derde respondent ingedien het; en kon die Departement nie die aansoek van die applikant oorweeg het alvorens die hangende aansoek van die vierde respondent nie afgehandel was nie. Artikels 9(1) en (2) van die (nou herroepe) Mineraalwet van 1991 het as volg gelees:-

"***9. Order of processing of applications.***

*(1) If a Regional Manager receives more than one application for a prospecting right, a mining right or a mining permit, as the case may be, in respect of the same mineral and land, applications received on—*

*(a) the same day must be regarded as having been received at the same time and must be dealt with in accordance with subsection (2);*

*(b) different dates must be dealt with in order of receipt.*

*(2) When the Minister considers applications received on the same date he or she must give preference to applications from historically disadvantaged persons.*"

[19] Selfs al sou die tersaaklike handelinge van die streekdirekteur en die permit wat aan die vierde respondent uitgereik was bloot ter syde gestel kon word sonder dat dit reggestel word ooreenkomstig die 9(2) toestemming soos

verleen deur die tweede respondent, sal die uitoefening van my diskresie soos versoek deur die vierde respondent myns insiens regtens onverantwoordbaar wees op grond van die volgende oorwegings.

19.1 Die permit wat die vierde respondent nou versoek ter syde gestel moet word, is reeds so lank terug soos April 2004 uitgereik. In soverre die vierde respondent nou aanvoer dat die tweede respondent bedoel en bepaal het dat hy vir 'n periode van vyf jaar op die eiendom kon myn, het daardie tydperk in iedere geval reeds verstryk voordat die teenaansoek geloods was. Dit is gemeensaak dat die vierde respondent sedert die uitreik van die permit op die eiendom gemyn het vir 'n periode van meer as vyf jaar sedert die datum van uitreiking daarvan. Die vierde respondent het gevolglik reeds meer as die volle voordeel geniet as wat hy sou geniet het indien die permit vir vyf jaar uitgereik sou gewees het.

19.2 Om nou die vierde respondent terug te plaas in die posisie waarin dit was voordat die permit in April 2004 uitgereik was, sal daarop neerkom dat die Hof nie alleen die vierde respondent toelaat om die toekenning van die mynreg aan die applikant te kelder nie, maar ook die wederregtelike myn van sout op die eiendom sedert April 2005 (dit wil sê nadat die geldigheidsduur van die permit verval het) te kondoneer. Sodanige optrede

deur hierdie Hof sal myns insiens uiters onbillik wees teenoor die applikant wat te alle tye binne sy regte gehandel het, en sal ook nie bevorderlik wees vir regverdige en gesonde regspleging nie.

19.3 Die vierde respondent het tot en met die loods van die teenaansoek op 23 Oktober 2009, gesteun op die permit nr. MP169/2004 as synde sy owerheidsmagtiging om op die eiendom te myn. Hy is minstens sedert die loods van die hoof aansoek in Maart 2007 daarvan bewus dat hierdie permit onder verdenking was. Trouens, in dieselfde skrywe vanaf die derde respondent waarkragtens sy permit aan hom gestuur was in Mei 2004 is verwys na permit nr. 169/2003. Ook in latere korrespondensie was daar verwys na die 2003 permit, en tydens samesprekinge gedurende 2006 gevoer in die kantore van die derde respondent was die geldigheid van die 2004 permit pertinent ter sprake. Ten spyte hiervan, en ten spyte daarvan dat geen rekord of ander aanduiding in die leêrs van die Departement bestaan dat die 2004 permit regsgeldig deur die Departement uitgereik was nie, volhard die vierde respondent in sy houding dat daardie permit regsgeldig aan hom uitgereik was, en wag hy tot ná die verhoor in Oktober 2009 alvorens die teenaansoek geloods word. Indien die vierde respondent, soos die applikant, behoorlike navraag gedoen en ondersoek ingestel het, sou hy op 'n baie vroeër stadium vasgestel

het dat die 2004 permit nietig was en sou hy van meet af die teenaansoek geloods het. Hierdie ongeërgdheid aan die kant van die vierde respondent is onverskoonbaar.

19.4 Dit is gemeensaak dat die 2004 permit nie alleen nietig is nie, maar ook dat dit vervals was (die eerste bladsy daarvan). Dit is nie bewys wie verantwoordelik was vir die vervalsing nie. Nietemin het hierdie vervalste permit in die hande van die vierde respondent beland. Ek vind dit onwaarskynlik dat niemand in die diens of bestuur van die vierde respondent nie geweet het dat die permit vervals was nie. Eweneens vind ek dit onwaarskynlik dat geeneen in die diens of bestuur van die vierde respondent nie besef het dat daar 'n vraagteken gehang het oor die geldigheid of egtheid van die 2004 permit nie, gesien die verwysing in die korrespondensie van die Departement na die 2003 permit, en die afwesigheid van 'n vervaldatum op die 2004 permit.

[20] Vervolgens was ek nie bereid om, in soverre ek sou kon, binne my diskresie die tersaaklike handelinge van die derde respondent te hersien en ter syde te stel nie, en het ek die regshulp soos versoek in bedes 3 en 4 van die teenaansoek onder andere op grond hiervan van die hand gewys.

[21] Wat koste aanbetref het Adv. Van Niekerk gevra dat, indien die hoof aansoek slaag, en die teenaansoek afgewys word, ek sal gelas dat die eerste drie respondente die koste van die applikant en die vierde respondent moet betaal. Sy motivering hiervoor is naamlik dat die eerste drie respondente verantwoordelik is vir die verwarring en onsekerhede wat die onderskeie aansoeke genoodsaak het. Mnr. Coetzee, namens die eerste drie respondente, gee toe dat hierdie respondente verantwoordelik was vir die noodsaak van die hoof aansoek geloods deur die applikant, maar betoog dat daar geen regverdiging is vir die versoek dat hierdie respondente ook die koste van die vierde respondent moet betaal nie. In iedere geval, so betoog Adv. Coetzee, behoort die eerste drie respondente slegs verantwoordelik gehou te word tesame met die vierde respondent vir die kostes van die applikant in die hoof aansoek tot en met 22 September 2009 synde die dag waarop die eerste drie respondente hul opponering van die hoof aansoek teruggetrek het. Daarna behoort die vierde respondent alleen aanspreeklik gehou te word vir die koste van die applikant. Wat die teenaansoek aanbetref, wys Adv. Coetzee daarop dat die eerste drie respondente nie hierdie aansoek opponeer het nie en dat daar geen regverdiging is vir ‘n kostebevel teen hulle nie.

21.1 Na my mening behoort adv. Coetzee gelyk gegee te word. Dat die teenstrydige en dikwels ongegronde verklarings afgelê deur of namens die Departement

grootliks bygedra het tot die wending wat die hoof aansoek geneem het, kan nie betwis word nie. Daarteenoor egter het niks die vierde respondent verhinder om self behoorlik ondersoek in te stel na die ware toedrag van sake nie, en was hy myns insiens nie geregverdig om bloot op die rug van die departementele amptenare te ry nie. Dit dien ook vermeld te word dat nie bewys is dat enige amptenaar bedrog gepleeg het of die 2004 permit vervals het nie.

21.2 Wat die hoof aansoek betref, is ek dus van mening dat die respondente gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gestel moet word vir die koste van die applikant tot en met 22 September 2009. Daarna behoort die vierde respondent alleen aanspreeklik te wees vir die koste van die applikant.

21.3 Ek meen nie dat die aansoek ‘n bestraffende kostebevel regverdig nie.

21.4 Wat die teenaansoek betref, is daar myns insiens geen rede waarom die koste nie die resultaat behoort te volg nie. Vir dieselfde redes hierbo genoem is daar geen rede waarom die eerste drie respondente verantwoordelik gehou kan word vir die koste van óf die vierde respondent óf die applikant nie.

21.5 Mnr. Tredoux het versoek dat die kwalifiserende koste van die applikant se handskrifdeskundige, mnr. J.F. Hattingh toegelaat sal word. Ek meen hierdie versoek is gegrond.

[22] Vervolgens word, benewens die bevel reeds hierin verleen, as volg gelas:-

**PARAGRAAF 10 VAN DIE BEVEL WORD DEURGEHAAL EN VERVANG MET DIE VOLGENDE:**

**10.1 DIE RESPONDENTE WORD GELAS OM GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK – DIE EEN BETAAL DIE ANDER KWYTGESKELD TE WORD – DIE APPLIKANT SE KOSTE VAN DIE AANSOEK, EN WAT INSLUIT DIE KWALIFISERENDE KOSTE VAN MNR. J.F. HATTINGH, TOT EN MET 22 SEPTEMBER 2009 TE BETAAL.**

**10.2 DIE VIERDE RESPONDENT WORD GELAS OM DIE APPLIKANT SE VERDERE KOSTE VAN DIE AANSOEK VANAF 23 SEPTEMBER 2009 TE BETAAL, EN WELKE KOSTE DIE KWALIFISERENDE KOSTE VAN MNR. J.F. HATTINGH VANAF 23 SEPTEMBER 2009 INSLUIT.**

**10.3 DIE VIERDE RESPONDENT WORD GELAS OM DIE APPLIKANT SE KOSTE VIR DIE OPPONERING VAN DIE TEENAANSOEK TE BETAAL.**

Lacock, R
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens Applikant:** | **Adv. Tredoux i.o.v Haarhoffs Ing.** |
| **Namens 1e tot 3e Resp:** | **Adv. Coetzee i.o.v. die Staatsprokureur** |
| **Namens 4de Respondent:** | **Adv. J.G. van Niekerk SC i.o.v Duncan & Rothman** |